

# OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA. OFFICIAL GAZETTE



UITGAWE OP GESAG.

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c      Woensdag, 13 Desember 1967      WINDHOEK      Wednesday, 13 December 1967      No. 2840

**INHOUD**

**CONTENTS**

Page/Bladsy

**GOEWERMENSKENNISGEWINGS:**

**GOVERNMENT NOTICES:**

No. R.1835 (Republiek) Wysigings aan die Regulasies vir die Staande Mag

(Republic) Amendments to the Regulations for the Permanent Force

1

## Goewermentskennisgewing.

## Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,  
 *Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

J. J. KLOPPER,  
 *Secretary for South West Africa.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

Administrator's Office,  
Windhoek.

### DEPARTMENT OF DEFENCE.

### DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

No. R. 1835.] [17 November 1967.

No. R. 1835.] [17 November 1967.

#### AMENDMENTS TO THE REGULATIONS FOR THE PERMANENT FORCE.

#### WYSIGINGS AAN DIE REGULASIES VIR DIE STAANDE MAG.

The Acting State President has been pleased in terms of section 87 (1) (e), (j) and (s) and section 87 (2) of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957) as amended, to amend the Regulations for the Permanent Force, promulgated by Government Notice No. 171, dated 26 January, 1923, as amended, as follows:

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om, kragtens artikel 87 (1) (e), (j) en (s) en artikel 87 (2) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), soos gewysig, die Regulasies vir die Staande Mag afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 171 gedateer 26 Januarie 1923, soos gewysig, soos volg te wysig: —

#### CHAPTER I

#### HOOFSTUK I

##### Regulation 4.

##### Regulasie 4.

(a) Before the definition of "captain" in regulation 4 insert the following new definition:

(a) Voeg die volgende nuwe woordbepaling voor die woordbepaling "kaptein" in regulasie 4 in:

" 'candidate officer' includes midshipman;".

" 'kandidaatoffisier' ook adelbors;".

(b) After the definition of "private" in regulation 4 insert the following three new definitions:

(b) Voeg die volgende drie nuwe woordbepalings na die woordbepaling "onderoffisier" in regulasie 4 in:

" 'professional capacity', in relation to the classification or posting of an officer, means that such officer has, on account of his academic or other qualifications or attributes, been classified in the professional subsection of the Technical and Administrative Branch of the Force for posting and service in a professional post;

" 'professionele hoedanigheid', met betrekking tot die klassifikasie of indeling van 'n offisier, dat so 'n offisier vanweë sy akademiese of ander kwalifikasies of eienskappe onder die professionele onderafdeling van die Tegnieuse en Administratiewe Tak van die Mag geklassifiseer is vir indeling en diens in 'n professionele pos;

'professional officer' means an officer who has been classified in a professional capacity and has been posted to and is occupying a professional post;

'professionele offisier' 'n offisier wat in professionele hoedanigheid geklassifiseer en in 'n professionele pos ingedeel is en dit beklee;

'professional post' means an officer's post graded as such because of the special academic or other qualifications or attributes required for the performance of the duties attaching thereto and to which alternate ranks may be allocated;".

'professionele pos' 'n offisierspos wat as sodanig gegradeer is weens die spesiale akademiese of ander kwalifikasies of eienskappe wat vereis word vir die verrigting van die pligte daaraan verbonde, en waarvan alternatiewe range toegeken kan word;".

#### CHAPTER III

#### HOOFSTUK III

Substitute the following new Chapter III and heading for the existing Chapter III and heading:

Vervang die bestaande Hoofstuk III en opskrif deur die volgende nuwe Hoofstuk III en opskrif:

## "CHAPTER III

OFFICERS (INCLUDING FEMALE OFFICERS AND NURSING OFFICERS) AND CANDIDATE OFFICERS: RANKS, PRECEDENCE, APPOINTMENTS, PROMOTIONS, TERMINATION OF SERVICE AND RESERVE LIABILITIES.

*Ranks.*

1. (1) The ranks set out in the subjoined table may, subject to the other provisions of this regulation, be conferred on the officers of the SA Defence Force and each such rank—

- (a) shall be lower than the rank preceding it in the relative column of the table; and  
 (b) shall be equivalent to those ranks in the other columns of the table which occupy a corresponding position in the order of precedence—

SA Army	SA Air Force	SA Navy
General	General	Admiral
Lieutenant General	Lieutenant General	Vice-Admiral
Combat General	Combat General	Rear-Admiral
Brigadier	Brigadier	Commodore
Colonel	Colonel	Captain
Commandant	Commandant	Commander
Major	Major	Lieutenant-Commander
Captain	Captain	Lieutenant
Field Cornet	Lieutenant	Sub-Lieutenant
Assistant Field Cornet	Second Lieutenant	Ensign.

(2) The rank of candidate officer may be conferred on a member of the SA Army or the SA Air Force and the rank of midshipman on a member of the SA Navy who is appointed as such in terms of regulations 3 and 4 of this chapter: Provided that a member who holds any other rank on the date of such appointment shall, subject to regulation 7 of Chapter V of these regulations, cease to hold such other rank with effect from such date.

(3) The rank of candidate officer or midshipman shall, for disciplinary purposes, be equivalent to the rank of private: Provided that a candidate officer or midshipman may in the course of his training or the execution of his duties be placed in a position of authority over any other rank: Provided further that a candidate officer or midshipman who has been so placed in a position of authority shall, whilst exercising such authority, be deemed, in relation to any other rank over whom he exercises such authority, to hold the rank of warrant officer class 1.

(4) Wherever any rank is referred to in these regulations it shall, unless inconsistent with the context, include those ranks which are equivalent thereto in terms of this regulation.

*Precedence.*

2. (1) The order of precedence of officers shall be in accordance with the order of their ranks as determined by regulation 1 of this chapter and the order of precedence of officers of the same rank shall be in accordance with the order of their seniority as determined by regulations 8 and 9 of this chapter: Provided that—

- (a) an officer in command shall take precedence over all officers under his command;  
 (b) a male officer shall take precedence over any female officer of the same rank, irrespective of the date of his appointment or promotion to such rank;  
 (c) a medical or dental officer shall, irrespective of his rank, in the execution of his professional duties take seniority and precedence over any nursing officer;  
 (d) under combat conditions, an officer classified in a combatant capacity shall exercise command notwithstanding the presence of an officer who is his senior in the same rank but who is not so classified;  
 (e) an officer of one arm of the Force shall not command any part of another arm of the Force unless he be so in command by virtue of the nature of his appointment or has specifically been ordered so to be in command.

## HOOFSTUK III

OFFISIERS (MET INBEGRIIP VAN VROULIKE OFFISIERS EN OFFISIERVERPLEEGSTERS) EN KANDIDAATOFFISIERS: RANGE, VOORRANG, AANSTELLINGS, BEVORDERINGS, DIENSBEËINDIGING EN RESERWEVERPLIGTINGS.

*Range.*

1. (1) Die range wat in die onderstaande tabel uiteengesit word, kan, behoudens die ander bepalings van hierdie regulasie aan die offisiere van die SA Weermag toegeken word en elke sodanige rang—

- (a) is laer as die rang waardeur dit in die betrokke kolom van die tabel voorafgegaan word; en  
 (b) gelyk met dié range in die ander kolomme van die tabel wat 'n ooreenstemmende posisie in die rang-order het—

SA Leër	SA Lugmag	SA Vloot
Generaal	Generaal	Admiraal
Luitenant-generaal	Luitenant-generaal	Vise-admiraal
Veggeneraal	Veggeneraal	Skout-admiraal
Brigadier	Brigadier	Kommodoor
Kolonel	Kolonel	Kaptein
Kommandant	Kommandant	Kommandeur
Majoor	Majoor	Luitenant-kommandeur
Kaptein	Kaptein	Luitenant
Veldkornet	Luitenant	Onderluitenant
Assistent-veidkornet	Tweede Luitenant	Vaandrig.

(2) Die rang kandidaatoffisier kan aan 'n lid van die SA Leër of die SA Lugmag en die rang adelbors aan 'n lid van die SA Vloot toegeken word, wat kragtens regulasies 3 en 4 van hierdie hoofstuk as sodanig aangestel word: Met dien verstande dat 'n lid wat op die datum van sodanige aanstelling 'n ander rang beklee, behoudens regulasie 7 van Hoofstuk V van hierdie regulasies, met ingang van sodanige datum ophou om sodanige ander rang te beklee.

(3) Die rang kandidaatoffisier of adelbors staan, vir dissiplinêre doeleindes, gelyk aan die rang weerman: Met dien verstande dat 'n kandidaatoffisier of adelbors in die loop van sy opleiding of die uitvoering van sy pligte in 'n posisie van gesag oor enige manskap gestel kan word: Voorts met dien verstande dat 'n kandidaatoffisier of adelbors wat aldus in 'n posisie van gesag gestel is, terwyl hy sodanige gesag uitoefen, met betrekking tot enige manskap oor wie hy sodanige gesag uitoefen, geag word die rang van adjudant-offisier klas 1 te beklee.

(4) Waar 'n rang in hierdie regulasies genoem word, omvat dit, tensy dit onbestaanbaar met die sinsverband is, ook die range wat ingevolge hierdie regulasie daaraan gelyk is.

*Voorrang.*

2. (1) Die voorrangorde van offisiere kom ooreen met die volgorde van hul range soos in regulasie 1 van hierdie hoofstuk bepaal, en die voorrangorde van offisiere van dieselfde rang kom ooreen met die volgorde van hul ansiënniteit soos by regulasies 8 en 9 van hierdie hoofstuk bepaal: Met dien verstande dat—

- (a) 'n offisier wat bevel voer, voorrang geniet bo alle offisiere onder sy bevel;  
 (b) 'n manlike offisier voorrang geniet bo 'n vroulike offisier met dieselfde rang ongeag die datum van sy aanstelling in of bevordering tot sodanige rang;  
 (c) 'n mediese offisier of 'n offisiertandarts, afgesien van sy rang, in die uitvoering van sy professionele diens, ansiënniteit en voorrang geniet bo enige offisier verpleegster;  
 (d) 'n offisier wat in 'n vegtende hoedanigheid geklassifiseer is, onder gevegsomstandighede bevel uitoefen ondanks die aanwesigheid van 'n offisier wat sy senior in dieselfde rang is maar wat nie aldus geklassifiseer is nie; en  
 (e) 'n offisier van een weermagsdeel nie bevel oor enige deel van 'n ander weermagsdeel mag voer nie tensy hy uit hoofde van die aard van sy aanstelling aldus bevel voer of spesifiek aangesê is om aldus bevel te voer.

(2) This regulation shall not be so construed that a female person may be in command or authority over any male person, except—

- (a) that, where such female person is a medical officer or a member of the SAMNS, she may, in connection with any male person who is a patient, exercise such authority as may be necessary for his medical or other treatment or for the discipline of any hospital or other institution for the care of the sick, injured or wounded; or
- (b) that in any other case such female person may, with the explicit approval of Chief of the Arm of the Force or Head of section concerned or an officer acting on his authority, be in such command or exercise such authority.

#### ENROLMENT AS AN OFFICER OR A CANDIDATE OFFICER.

##### *Conditions for the Appointment and Enrolment of Officers and Candidate Officers.*

3. (1) A White person may, subject to the provisions of regulations 4 and 5 of this chapter, be appointed in a permanent capacity as an officer in the Force if such person—

- (a) is a citizen;
- (b) is a male person and has obtained at least the School Leaving Certificate or any equivalent certificate;
- (c) is a female person and has obtained at least the Standard VIII or equivalent certificate;
- (d) meets the standard of medical fitness which the Surgeon General may determine in respect of the service or duties for which he is about to be enrolled;
- (e) is not less than 18 years of age;
- (f) has the other attributes and qualifications which in the opinion of the Commandant General, SADF, are required for his training for, and the execution of the duties attached to the type of post to which he is about to be appointed;
- (g) should he be required to do so, has successfully completed a preparatory course which the Commandant General, SADF, may at his discretion prescribe for other ranks of the Force or the Citizen Force;
- (h) complies, where applicable, with the other requirements prescribed in regulation 4 (5) of this chapter in respect of any professional post;
- (i) who is about to be appointed as a nursing officer in the SAMNS, is registered with the SA Nursing Council as a trained nurse: Provided that any person who is about to be appointed as a Sister Tutor or Senior Sister Tutor shall, in addition to the said registration, have obtained the Diploma of Nursing;
- (j) has, except in any case where the Commandant General, SADF, has dispensed with this requirement, been recommended by a selection board appointed by or on the authority of the Commandant General, SADF:

Provided that, in exceptional cases, any person who does not comply with the aforementioned requirement, except those prescribed in paragraphs (a), (d), (e), (f), (h) and (i), may, with the approval of the Minister, be appointed in a permanent capacity as an officer in the Force.

(2) A White person who complies with at least the requirements of paragraphs (d), (e), (f) and (j) and, where applicable, (h) or (i) of subregulation (1) may in terms of section 10 of the Act be appointed or reappointed in the Force as an officer in a temporary capacity for such a period as the Minister may from time to time determine.

(3) An officer who is a citizen and who has served for not less than three years in terms of subregulation (2) may be appointed in a permanent capacity as an officer of the Force.

(2) Hierdie regulasie mag nie so uitgelê word dat 'n vroulike persoon oor 'n manlike persoon bevel kan voer of gesag kan uitoefen nie, met die uitsondering—

- (a) dat, waar sodanige vroulike persoon 'n mediese offisier of 'n lid van die SAMVD is, sy met betrekking tot 'n manlike persoon wat 'n pasiënt is, dié gesag kan uitoefen wat nodig is vir sy mediese of ander behandeling of in verband met die dissipline van 'n hospitaal of ander inrigting vir die versorging van siekes, beseerdes of gewondes; of
- (b) dat in enige ander geval sodanige vroulike persoon met die uitdruklike goedkeuring van die Hoof van die betrokke Weermagsdeel of Afdeling of 'n offisier wat op sy gesag handel, sodanige bevel kan voer of gesag kan uitoefen.

#### INSKRYWING AS OFFISIER OF AS KANDIDAAT-OFFISIER

##### *Vereistes vir die Aanstelling en Inskrywing van Offisiere en Kandidaatoffisiere.*

3. (1) 'n Blanke persoon kan, behoudens die bepalinge van regulasies 4 en 5 van hierdie hoofstuk, in 'n permanente hoedanigheid as offisier in die Mag aangestel word indien so 'n persoon—

- (a) 'n burger is;
- (b) 'n manlike persoon is en minstens die skoolleidsertifikaat of 'n gelykwaardige sertifikaat verwerf het;
- (c) 'n vroulike persoon is, en minstens die Standaard VIII- of 'n gelykwaardige sertifikaat verwerf het;
- (d) voldoen aan die standaard van geneeskundige geskiktheid wat die Geneesheer-generaal mag bepaal vir die diens of pligte waarvoor hy ingeskryf staan te word;
- (e) nie jonger as agtien jaar is nie;
- (f) oor die ander eienskappe en kwalifikasies beskik wat volgens die oordeel van die Kommandant-generaal, SAW, nodig is vir sy opleiding vir, en die uitvoering van die pligte verbonde aan die soort pos waarin hy aangestel staan te word;
- (g) waar dit van hom vereis word, 'n voorbereidende kursus wat die Kommandant-generaal, SAW na sy goedvinde vir manskappe van die Mag of die Burgermag mag voorskryf, met sukses voltooi het;
- (h) Waar dit van toepassing is, voldoen aan dié ander vereistes wat ten opsigte van 'n professionele pos in regulasie 4 (5) van hierdie hoofstuk voorgeskryf word;
- (i) wat in die SAMVD as 'n offisierverspleegster aangestel staan te word, by die SA Verpleegstersraad as 'n opgeleide verpleegster geregistreer is: Met dien verstande dat iemand wat as Suster-dosent of Senior Suster-dosent aangestel staan te word, benewens genoemde registrasie, die Diploma in Verpleegkunde moet verwerf het; en
- (j) met die uitsondering van enige geval waar die Kommandant-generaal, SAW van hierdie vereiste afgesien het, vir sodanige aanstelling aanbeveel is deur 'n keurraad wat deur of op gesag van die Kommandant-generaal, SAW, aangestel is:

Met dien verstande dat, in uitsonderlike gevalle, iemand wat nie aan voormelde vereistes, uitgesonderd dié in paragrawe (a), (d), (e), (f), (h) en (i) voorgeskryf, voldoen nie, met die goedkeuring van die Minister in 'n permanente hoedanigheid as offisier in die Mag aangestel kan word.

(2) 'n Blanke persoon wat minstens aan die vereistes van paragrawe (d), (e), (f) en (j) en, waar toepaslik (h) of (i) van subregulasie (1) voldoen, kan ooreenkomstig artikel 10 van die Wet in 'n tydelike hoedanigheid as offisier in die Mag aangestel of heraan gestel word vir die tydperk wat die Minister van tyd tot tyd mag bepaal.

(3) 'n Offisier wat 'n burger is en minstens drie jaar kragtens subregulasie (2) gedien het, kan in 'n permanente hoedanigheid as offisier in die Mag aangestel word.

(4) An other rank or any other citizen who complies with all the other requirements of subregulation (1), may be accepted for training for commissioned rank by means of a course at any university, the Military Academy or any other military training institution and may, if he—

- (a) is unmarried;
- (b) on the date of commencement of the course concerned is seventeen years of age or older but has not attained the age of twenty-one years;
- (c) has obtained at least the Matriculation Exemption Certificate which, in addition to English and Afrikaans, shall include such other subjects as the Commandant General, SADF, may determine for each course concerned,

be enrolled for that purpose in terms of Chapter IV of these regulations as an other rank or, where applicable in the case of a serving other rank, be re-engaged for that purpose and may, if he has so been accepted, be appointed in terms of regulation 4 of this chapter as a candidate officer.

(5) An other rank or any other citizen who complies with the other requirements of subregulation (4) and whose training will not include the completion of an academic degree course may, if he has obtained at least the School Leaving Certificate or any equivalent certificate which, in addition to English and Afrikaans, shall include such subjects as the Commandant General, SADF, may from time to time determine, be so enrolled or re-engaged and appointed as a candidate officer for training for commissioned rank at any military training institution.

(6) In exceptional cases the Minister may, on the recommendation of the Commandant General, SADF, subject to section 10 of the Act and notwithstanding the provisions of subregulations (4) and (5), grant approval for the acceptance of an other rank or any other citizen, who is medically fit, for training for commissioned rank at any military training establishment, the Military Academy or any university and for his enrolment and appointment as a candidate officer.

(7) A candidate officer who is undergoing his training at any university or the Military Academy by means of a course referred to in subregulation (4) and having a normal duration of three years or more, may, after he has successfully completed the second year of the course concerned, be appointed temporarily as an Assistant Field Cornet.

#### *Authority for Appointment or Enrolment and Rank on First Appointment.*

4. (1) An officer and a candidate officer shall be appointed on the authority of the Minister, who shall determine whether such appointment of an officer or the enrolment of a candidate officer shall be effected in a permanent or temporary capacity.

(2) A candidate officer shall be enrolled as an other rank and shall hold his rank in terms of regulation 1 (3) and (4) of this chapter, and any conditions of service of such candidate officer for which no provision is made in this chapter, shall be governed by the provisions of Chapter IV of these regulations.

(3) On first appointment an officer shall, subject to subregulations (4) and (5), normally be appointed in the rank of Assistant Field Cornet.

(4) The Minister may, subject to subregulation (5), approve that an officer on first appointment, is appointed in a rank higher than that of Assistant Field Cornet.

(5) Any person who complies with the provisions of regulation 3 (1) or (2) of this chapter and in addition complies with the professional or academic requirements which have been recommended by the Public Service Commission in respect of an appointment in any professional post or capacity, may be appointed as a professional officer in such post or capacity in a rank determined with

(4) 'n Manskap of 'n ander burger wat aan al die ander vereistes van subregulasie (1) voldoen, kan aangeneem word vir opleiding vir offisersrang deur middel van 'n kursus aan 'n universiteit, die Militêre Akademie of 'n ander militêre opleidingsinrigting en kan, as hy—

- (a) ongetroud is;
- (b) op die aanvangsdatum van die betrokke kursus sewentien jaar oud of ouer is maar nog nie die leeftyd van een-en-twintig jaar bereik het nie; en
- (c) minstens die Matrikulasievrystellingsertifikaat verwerf het wat, benewens Afrikaans en Engels, die ander vakke moet insluit wat die Kommandant-generaal, SAW, van tyd tot tyd vir elke betrokke kursus mag bepaal,

vir daardie doel ooreenkomstig Hoofstuk IV van hierdie regulasies as manskap ingeskryf of, waar dit toepaslik is in die geval van 'n dienende manskap, vir daardie doel opnuut ingeskryf word en kan, indien hy aldus aangeneem is, ooreenkomstig regulasie 4 van hierdie hoofstuk as kandidaatoffisier aangestel word.

(5) 'n Manskap of 'n ander burger wat aan die ander vereistes van subregulasie (4) voldoen en wie se opleiding nie die voltooiing van 'n akademiese graadkursus sal insluit nie, kan, indien hy minstens die skoolleidsertifikaat of 'n gelykwaardige sertifikaat verwerf het wat, benewens Afrikaans en Engels, die vakke moet insluit wat die Kommandant-generaal, SAW, van tyd tot tyd mag bepaal, aldus ingeskryf of opnuut ingeskryf en as kandidaatoffisier aangestel word vir opleiding vir offisersrang aan enige militêre opleidingsinrigting.

(6) In uitsonderlike gevalle kan die Minister op aanbeveling van die Kommandant-generaal, SAW, behoudens artikel 10 van die Wet en ondanks die bepalings van subregulasie (4) en (5), goedkeuring verleen vir die aanname van 'n manskap of ander burger, wat geneeskundig geskik is, vir opleiding vir offisersrang aan enige militêre opleidingsinrigting, die Militêre Akademie of 'n universiteit en vir sy inskrywing en aanstelling as 'n kandidaat-offisier.

(7) 'n Kandidaatoffisier wat sy opleiding deur middel van 'n kursus wat in subregulasie (4) bedoel word en wat gewoonlik drie jaar of langer duur, aan 'n universiteit of die Militêre Akademie ondergaan, kan, nadat hy die tweede jaar van die betrokke kursus met welslae voltooi het, tydelik as assistent-veldkornet aangestel word.

#### *Magtiging vir Aanstelling of Inskrywing en Rang by Eerste Aanstelling.*

4. (1) 'n Offisier en 'n kandidaatoffisier word aangestel op gesag van die Minister, wat moet bepaal of sodanige aanstelling van 'n offisier of die inskrywing van 'n kandidaatoffisier in 'n permanente of tydelike hoedanigheid moet geskied.

(2) 'n Kandidaatoffisier word as manskap ingeskryf en beklee sy rang kragtens regulasie 1 (3) en (4) van hierdie hoofstuk, en dié diensvoorwaardes van so 'n kandidaat-offisier waarvoor daar nie in hierdie hoofstuk voorsiening gemaak word nie, word deur die bepalings van Hoofstuk IV van hierdie regulasies beheer.

(3) Behoudens subregulasies (4) en (5), word 'n offisier by eerste aanstelling gewoonlik in die rang van assistent-veldkornet aangestel.

(4) Die Minister kan, behoudens subregulasie (5), goedkeuring verleen dat 'n offisier by sy eerste aanstelling in 'n hoër rang as dié van assistent-veldkornet aangestel word.

(5) Iemand wat voldoen aan die bepalings van regulasie 3 (1) of (2) van hierdie hoofstuk en wat daarbenewens voldoen aan die professionele of akademiese vereistes wat die Staatsdienskommissie met betrekking tot 'n aanstelling in enige professionele pos of hoedanigheid aanbeveel het, kan as 'n professionele offisier in sodanige pos of hoe-

regard to the alternative grading of such post, the competency and appropriate experience of the person concerned and such other conditions in respect of such post as the Public Service Commission has from time to time recommended in terms of section 82 *bis* of the Act and which have been promulgated in the orders of the SA Defence Force.

#### *Probationary Service.*

5. (1) Every first appointment of an officer shall, subject to subregulation (2), be on probation for a period of twelve months, after expiry of which the appointment may be confirmed or the probationary period extended for a period not exceeding twelve months.

(2) An officer who, during a degree course, is appointed in terms of regulation 3 (7) of this chapter, shall serve on probation until he has successfully completed the course concerned and for twelve months thereafter.

(3) Any officer appointed from the ranks, whose appointment is terminated in accordance with regulation 12 (1) (a) of this chapter may, if he resigns or forfeits his commission, be permitted to revert to the rank he held as an officer immediately prior to his appointment as an officer or to a higher rank as such other rank.

#### POSTINGS, TRANSFERS AND MOVES.

##### *Postings, Transfers, Moves and Reclassification.*

6. (1) An officer may at any time, subject to the other provisions of this regulation, sections 95 and 138 of the Act and regulation 7 of this chapter—

- (a) be posted to any post in the Force;
- (b) be transferred or reclassified from any post or from one arm of the Force, corps, branch of the service or classification in the Force to another post, arm of the Force, corps, branch of the service or classification in the Force;
- (c) be temporarily attached to any unit, depot, training or other establishment of the Force for service or training; or
- (d) be moved from any place to any other place.

(2) If an officer other than a professional officer complies with the requirements of regulation 4 (5) of this chapter, he may, subject to subregulation (3), be reclassified in his rank for service in a professional capacity and posted to an appropriate professional post.

(3) No officer shall without his own consent be reclassified in any case where such reclassification—

- (a) will have the effect of altering the age at which the officer concerned has the right or may elect to be retired on pension; or
- (b) will bestow professional capacity upon the officer concerned or deprive him of such capacity.

(4) An officer serving in a professional capacity shall not without the explicit approval of the Commandant General, SADF—

- (a) be reclassified for service in any other capacity;
- (b) be posted temporarily or permanently to any post other than an appropriate professional post:

Provided that where lower salary or a less favourable salary scale is attached to the classification or post which such officer is about to hold after reclassification or permanent posting, the prior recommendation of the Public Service Commission for the adjustment of such officer's salary or salary scale shall be obtained unless the officer concerned has agreed in writing to accept such lower salary or less favourable scale.

(5) For the purposes of promotion in a professional capacity in terms of regulation 10 (6) of this chapter, a professional officer who has in terms of subregulation (2), been reclassified as such in his rank shall be deemed to have the same appropriate experience as a professional officer of the same profession who was appointed in the

danigheid aangestel word in 'n rang wat bepaal word met inagneming van die alternatiewe gradering van die betrokke pos, so iemand se bevoegdheid en toepaslike ondervinding en die ander voorwaardes wat die Staatsdienskommissie van tyd tot tyd ingevolge artikel 82 *bis* van die Wet met betrekking tot sodanige pos aanbeveel het en wat in die orders van die SA Weermag gepromulgeer is.

#### *Proefdiens.*

5. (1) Elke eerste aanstelling van 'n offisier is, behoudens subregulasie (2), op proef vir 'n tydperk van twaalf maande, na die verstryking waarvan die aanstelling bekragtig of die proeftydperk verleng kan word vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande.

(2) 'n Offisier wat gedurende 'n graadkursus kragtens regulasie 3 (7) van hierdie hoofstuk aangestel is, lewer proefdiens totdat hy die betrokke kursus met welslae voltooi het en vir twaalf maande daarna.

(3) 'n Offisier wat uit die geleedere aangestel is en wie se aanstelling ooreenkomstig regulasie 12 (1) (a) van hierdie hoofstuk beëindig word, kan, indien hy sy kommissie bedank of verbeur, toegelaat word om sonder diensonderbreking na die rang wat hy onmiddellik voor sy aanstelling as offisier as manskap beklee het of na 'n hoër rang as sodanige manskapsrang terug te keer.

#### INDELINGS, OORPLASINGS EN VERPLASINGS.

##### *Indelings, Oorplasinge, Verplasing en Herklassifikasie.*

6. (1) 'n Offisier kan, behoudens die ander bepalings van hierdie regulasie, artikels 95 en 138 van die Wet en regulasie 7 van hierdie hoofstuk, te eniger tyd—

- (a) in enige pos in die Mag ingedeel word;
- (b) van enige pos of van die een weermagsdeel, korps, diensvertakking of klassifikasie in die Mag na 'n ander pos, weermagsdeel, korps, diensvertakking of klassifikasie in die Mag oorgeplaas of herklassifiseer word;
- (c) tydelik by enige eenheid, depot, opleidings- of ander inrigting van die SA Weermag toegevoeg word vir diens of opleiding; of
- (d) van die een plek na 'n ander plek verplaas word.

(2) Indien 'n ander offisier as 'n professionele offisier aan die vereistes van regulasie 4 (5) van hierdie hoofstuk voldoen, kan hy, behoudens subregulasie (3), in sy rang herklassifiseer word vir diens in 'n professionele hoedanigheid en in 'n gepaste professionele pos ingedeel word.

(3) 'n Offisier word nie sonder sy eie toestemming herklassifiseer nie in 'n geval waar sodanige herklassifikasie—

- (a) die uitwerking sal hê dat die leeftyd verander word waarop die betrokke offisier die reg het of kan verkies om met pensioen afgedank te word; of
- (b) professionele hoedanigheid aan die betrokke offisier sal verleen of hom sodanige hoedanigheid sal ontnem.

(4) 'n Offisier wat in 'n professionele hoedanigheid dien, word nie sonder die uitdruklike toestemming van die Kommandant-generaal, SAW—

- (a) vir diens in enige ander hoedanigheid herklassifiseer nie; of
- (b) tydelik of permanent in 'n ander pos as 'n gepaste professionele pos ingedeel nie:

Met dien verstande dat waar 'n laer salaris of minder gunstige salarisskaal verbonde is aan die klassifikasie of pos wat sodanige offisier na herklassifikasie of permanente indeling staan te beklee, die aanbeveling van die Staatsdienskommissie vir die aanpassing van sodanige offisier se salaris of salarisskaal vooraf verkry moet word tensy die betrokke offisier skriftelik daarmee ingestem het om sodanige laer salaris of minder gunstige skaal te aanvaar.

(5) Vir bevordering in 'n professionele hoedanigheid ooreenkomstig regulasie 10 (6) van hierdie hoofstuk word 'n professionele offisier wat ingevolge subregulasie (2) as sodanige in sy rang herklassifiseer is, geg dieselfde toepaslike ondervinding te hê as 'n professionele offisier



Force without appropriate experience and has, as a result of his having gained the appropriate professional experience in the Force, so progressed that he holds the same rank and is entitled to the same salary notch and incremental date as the officer concerned.

(6) If an officer or employee in Government Service is transferred to the Force without a break in his service and is appointed in any rank as a professional officer, his appropriate experience for the purpose of promotion in a professional capacity shall, in accordance with the salary scale and incremental date to which he has been adjusted in his rank in the Force, also be adjusted in the same manner as that applicable to an officer referred to in subregulation (5).

#### *Recognition of Special Qualifications.*

7. For the purposes of regulation 11 *bis* of Chapter V of these regulations—

- (a) an officer shall be recognised as staff qualified as from the date on which he has passed a course in staff duties approved by the Commandant General, SADF, or any other course which for this purpose, is deemed by the said Commandant General, to be equivalent to such course; and
- (b) an officer shall be recognised as a qualified flying instructor as from the date on which he has passed a flying instructor's course approved for this purpose by the Chief of the Air Force.

#### SENIORITY.

##### *Seniority of Officers.*

8. (1) Except as otherwise provided in this regulation and regulation 9 of this chapter, the seniority of any officer (including an officer on whom temporary commissioned rank has been conferred under section 83 of the Act) in any substantive or temporary rank shall, in relation to other officers of the same or equivalent substantive or temporary rank, be determined by the date of his appointment or promotion to such substantive or temporary rank: Provided that any officer holding substantive rank shall be senior to all officers holding temporary rank of the same or equivalent grade.

(2) If two or more officers, other than officers referred to in regulation 9 of this chapter, are appointed in terms of regulation 3 of this chapter, in the same rank on the same date, the order of their seniority shall be determined by the Minister on the recommendation of the Commandant General, SADF: Provided that if the date which has been accorded, for the determination of seniority to an officer serving in terms of regulation 3 (2) of this chapter, coincides with the date accorded for such purpose to an officer holding a permanent appointment in the same rank, the officer holding the permanent appointment shall be the senior.

(3) If two or more officers are promoted to the same substantive or temporary rank on the same date, they shall mutually retain the seniority which they held in any substantive rank immediately prior to such promotion.

(4) The date for the determination of the seniority of any officer who, without a break in service, has been permanently appointed in terms of regulation 3 (3) of this chapter, shall be the date on which he, whilst serving temporarily in terms of subregulation (2) of that regulation, was promoted to or appointed in the rank in which he is so appointed permanently: Provided that, if on the date of his temporary appointment, such officer was not a citizen, his seniority in his rank in a permanent capacity shall be effective only from the date of his permanent appointment.

van dieselfde professie wat sonder toepaslike ondervinding in die Mag aangestel is en uit hoofde van die toepaslike professionele ondervinding wat hy in die Mag opgedoen het, so gevorder het dat hy dieselfde rang beklee en op dieselfde salariskerf en verhogingsdatum geregtig is as die betrokke offisier.

(6) Indien 'n beampte of werknemer wat in Regeringsdiens is, sonder diensonderbreking na die Mag oorgeplaas en in enige rang as 'n professionele offisier aangestel word, word sy toepaslike ondervinding vir doeleindes van bevordering in 'n professionele hoedanigheid ook volgens die salariskerf en verhogingsdatum waarby hy in sy rang in die Mag aangepas is, op dieselfde manier aangepas as dié wat vir toepassing is op 'n offisier wat in subregulasie (5) bedoel word.

#### *Erkenning van Spesiale Kwalifikasies.*

7. By die toepassing van regulasie 11 *bis* van Hoofstuk V van hierdie regulasies—

- (a) word 'n offisier as stafgekwalifiseerd erken van die datum af waarop hy geslaag het in 'n kursus in stafpligte wat die Kommandant-generaal, SAW goedgekeur het of in 'n ander kursus wat genoemde Kommandant-generaal vir die doel ag gelyk aan sodanige kursus te wees; en
- (b) word 'n offisier as 'n gekwalifiseerde vlieginstrukteur erken van die datum af waarop hy geslaag het in 'n vlieginstruktorskursus, wat die Hoof van die Lugmag vir die doel goedgekeur het.

#### ANSIËNNITEIT

##### *Ansiënniteit van Offisiere.*

8. (1) Behoudens andersluidende bepalings in hierdie regulasie en regulasie 9 van hierdie hoofstuk, word 'n offisier (met inbegrip van 'n offisier aan wie tydelike kommissierang kragtens artikel 83 van die Wet toegeken is) wat 'n substantiewe of tydelike rang beklee, se ansiënniteit met betrekking tot ander offisiere van dieselfde of gelykstaande substantiewe of tydelike rang, bepaal volgens die datum van sy aanstelling in of bevordering tot sodanige substantiewe of tydelike rang: Met dien verstande dat 'n offisier wat 'n substantiewe rang beklee, die senior is van alle offisiere wat 'n tydelike rang van dieselfde of gelykstaande graad beklee.

(2) Indien twee of meer offisiere, uitgesonderd offisiere in regulasie 9 van hierdie hoofstuk bedoel, kragtens regulasie 3 van hierdie hoofstuk op dieselfde datum in dieselfde rang aangestel word, word die volgorde van hul ansiënniteit deur die Minister op aanbeveling van die Kommandant-generaal, SAW, bepaal: Met dien verstande dat indien die datum wat vir die bepaling van ansiënniteit toegeken is, aan 'n offisier wat kragtens regulasie 3 (2) van hierdie hoofstuk dien, ooreenkom met die datum wat vir sodanige doel toegeken is aan 'n offisier wat 'n permanente aanstelling in dieselfde rang beklee, die offisier wat die permanente aanstelling beklee, die senior is.

(3) Indien twee of meer offisiere op dieselfde datum tot dieselfde substantiewe of tydelike rang bevorder word, behou hulle onderling die ansiënniteit wat hulle onmiddellik voor sodanige bevordering in 'n substantiewe rang gehad het.

(4) Die datum vir die bepaling van die ansiënniteit van 'n offisier wat, sonder onderbreking in diens, ooreenkomstig regulasie 3 (3) van hierdie hoofstuk, permanent aangestel is, is die datum waarop hy, terwyl hy tydelik ingevolge subregulasie (2) van daardie regulasie gedien het, bevorder is tot of aangestel is in die rang waarin hy aldus permanent aangestel word: Met dien verstande dat indien sodanige offisier op die datum van sy tydelike aanstelling nie 'n burger was nie, sy ansiënniteit in sy rang in 'n permanente hoedanigheid slegs geld met ingang van die datum van sy permanente aanstelling.

(5) Any officer transferred or reclassified in the interests of the Force from any branch, arm of the Force or corps to any other branch, arm of the Force or corps, shall not as a result thereof forfeit his seniority: Provided that if any officer applies for such transfer or reclassification or if an officer serving in a professional capacity applies for reclassification for service in any capacity other than a professional capacity, the Minister may, with due regard to such officer's age, military and educational qualifications and experience and as a condition of such transfer or reclassification, require that officer to accept a lower position on the seniority roll.

(6) Any officer of the Force who holds any substantive or temporary rank shall, notwithstanding the date of his appointment or promotion to such rank, be senior to all officers of the Citizen Force, a commando or the Reserve holding the same or equivalent rank: Provided that in the case of any officer of the Permanent Force Reserve who is called out for service or duty under section 52 (3) or Chapter X of the Act or in the case of any officer of the Citizen Force who is at any time attached to the Force in terms of section 16 (2) of the Act, the Minister or an officer designated by him for the purpose may determine the seniority in the Force of such officer of the Permanent Force Reserve or Citizen Force, due regard being had to his age, length of previous service in the Force, military and educational qualifications and experience.

*Determination of Seniority of Officers who acquire degrees at courses in terms of regulation 3 (4).*

9. (1) The seniority of an officer promoted in terms of regulation 10 (5) of this chapter shall be determined in his rank with effect from the date on which he obtained the appropriate qualification referred to in the said subregulation.

(2) The seniority of an officer promoted to the rank of field cornet in terms of regulation 10 (3) of this chapter after his successful completion in any given year of a degree course, normally of three years duration, at the final examination of the third year of such course, which, he attended full-time whether for the first time or by way of repetition, shall be determined in that rank with effect from the first day of January of the year in which he passed such final examination.

(3) If an officer has failed any final examination referred to in subregulation (2) but has obtained his degree at the next appropriate supplementary examination, his seniority in the rank of field cornet shall be determined with effect from the first day of January of the year in which the said final examination was held: Provided that such field cornet shall be junior to every field cornet who attained his degree at the relevant final examination.

(4) The seniority of an officer who has attended a course referred to in subregulation (2) and who did not obtain the degree concerned at the final examination in the third year of such course, in any given year, or at the next supplementary examination, but who did obtain such degree—

(a) at a supplementary examination during the final examination in the third year of such course in the year following aforementioned given year; or

(b) at the first supplementary examination following the final examination referred to in paragraph (a),

shall be determined in the rank of field cornet with effect from the first day of January of the year in which the final examination, referred to in paragraph (a) was held: Provided that such field cornet shall be the senior of every field cornet whose seniority is, in terms of subregulation (2) or (3) determined with effect from the same day.

(5) 'n Offisier wat in belang van die Mag van enige diensvertakking, weermagsdeel of korps na 'n ander diensvertakking, weermagsdeel of korps oorgeplaas of herklasfiseer word, verbeur nie sy ansiënniteit as gevolg daarvan nie: Met dien verstande dat indien 'n offisier aansoek doen om sodanige oorpasing of herklassifikasie of as 'n offisier, wat in 'n professionele hoedanigheid dien, aansoek doen om herklassifikasie vir diens in 'n ander hoedanigheid as 'n professionele hoedanigheid, die Minister, met behoorlike inagneming van sodanige offisier se ouderdom, militêre en onderwyskwalifikasies en ondervinding en as 'n voorwaarde van sodanige oorpasing of herklassifikasie, van daardie offisier kan vereis dat hy 'n laer plek op die ansiënniteitslys aanvaar.

(6) 'n Offisier van die Mag wat 'n substantiewe of tydelike rang beklee, is, ondanks die datum van sy aanstelling in of bevordering tot daardie rang, die senior van alle offisiere van die Burgermag, 'n kommando of die Reserwe wat dieselfde of 'n gelykstaande rang beklee: Met dien verstande dat, in die geval van 'n offisier in die Staandemagreserwe wat kragtens artikel 52 (3) of Hoofstuk X van die Wet tot diens of pligte opgeroep word of in die geval van 'n offisier van die Burgermag wat te eniger tyd by die Mag toegevoeg word ooreenkomstig artikel 16 (2) van die Wet, die Minister of 'n offisier wat hy vir die doel aanwys, die ansiënniteit in die Mag van sodanige offisier kan bepaal met behoorlike inagneming van sy ouderdom, tydperk van vorige diens in die Mag, militêre en onderwyskwalifikasies en ondervinding.

*Ansiënniteitsbepalings van Offisiere wat by Kursusse ingevolge Regulasie 3 (4) grade verwerf.*

9. (1) Die ansiënniteit van 'n offisier wat kragtens regulasie 10 (5) van hierdie hoofstuk bevorder is, word in sy rang bepaal met ingang van die datum waarop hy die toepaslike kwalifikasie verwerf het wat in genoemde subregulasie bedoel word.

(2) Die ansiënniteit van 'n offisier wat kragtens regulasie 10 (3) van hierdie hoofstuk tot veldkornetsrang bevorder is nadat hy 'n graadkursus, wat gewoonlik drie jaar duur, in enige gegewe jaar by die eindeksamen van die derde jaar van sodanige kursus, wat hy, hetsy vir die eerste keer of by herhaling, voltyds bygewoon het, met welslae voltooi het, word in daardie rang bepaal met ingang van die eerste dag van Januarie van die jaar waarin hy in sodanige eindeksamen geslaag het.

(3) Indien 'n offisier in 'n eindeksamen wat in subregulasie (2) bedoel word, gedruip het, maar by wyse van die eersvolgende toepaslike aanvullingseksamen die betrokke graad verwerf het, word sy ansiënniteit in die veldkornetsrang bepaal met ingang van die eerste dag van Januarie van die jaar waarin genoemde eindeksamen plaasgevind het: Met dien verstande dat sodanige veldkornet die junior is van elke veldkornet wat sy graad by die betrokke eindeksamen verwerf het.

(4) Die ansiënniteit van 'n offisier wat 'n kursus wat in subregulasie (2) bedoel word, bygewoon het en nie in 'n gegewe jaar die betrokke graad by die eindeksamen in die derde jaar van so 'n kursus of by die eersvolgende aanvullingseksamen verwerf het nie, maar wat sodanige graad verwerf het—

(a) by 'n aanvullingseksamen ten tyde van die eindeksamen van die derde jaar van sodanige kursus in die jaar wat op die voornoemde gegewe jaar volg: of

(b) by die vroegste aanvullingseksamen wat volg op die eindeksamen wat in paragraaf (a) bedoel word:

word in die veldkornetsrang bepaal met ingang van die eerste dag van Januarie van die jaar waarin die eindeksamen wat in paragraaf (a) bedoel word, plaasgevind het: Met dien verstande dat sodanige veldkornet die senior is van elke veldkornet wie se ansiënniteit kragtens subregulasie (2) of (3) met ingang van dieselfde dag bepaal is.

(5) Where the seniority of any group of two or more officers who have obtained degrees as a result of their training in terms of subregulation (4) of regulation 3 of this chapter, is reckoned from the same date in terms of subregulation (1), (2), (3) or (4) or the proviso to subregulation (3) or (4), the seniority of every officer within each such group shall be determined in accordance with an order of merit compiled for the group concerned according to the achievements which each officer in that group gained in the military and the academic training which preceded the obtainment of the degree concerned and such achievement shall be adjudged on the principles accepted for the purpose with the approval of the Minister.

(6) This regulation shall not apply to an officer who has obtained any degree referred to in this regulation through private arrangements with any university.

#### Promotion.

10. (1) The Minister or an officer authorised thereto by him may, subject to the other provisions of this regulation, promote any officer on grounds of his efficiency, qualifications and seniority.

(2) Subject to subregulation (3), an assistant field cornet may, after two years satisfactory service in that rank be promoted to the rank of field cornet: Provided that temporary service as an assistant field cornet during a course referred to in regulation 3 (4), shall count as service for promotion in terms of this subregulation.

(3) An officer who, has attended a degree course, normally of three years duration, in terms of regulation 3 (4) of this chapter, may after he has obtained such degree, notwithstanding the provisions of subregulation (2), be promoted to the rank of field cornet in any post other than a professional post.

(4) A field cornet and a captain shall, subject to subregulations (5) and (6), not be considered for promotion to the next higher rank until he has proved by examination or in any other manner which the Commandant General, SADF considers sufficient, that he has attained the standard of competence which the Commandant General, SADF or an officer authorised thereto by him, has determined for the rank concerned in his arm of the Force and classification.

(5) An officer appointed to a professional post on account of his attainment of an appropriate qualification in terms of regulation 3 (4) may, where the lowest rank determined in terms of subregulation (6) for such post is higher than the rank which he holds, be promoted to the said lowest rank.

(6) Any person who occupies a professional post referred to in regulation 4 (5), may, notwithstanding the other provisions of this regulation and subject to the alternative grading of the post concerned and to any special conditions applicable thereto, be promoted to the next higher alternative rank for which such post is graded, after the expiry of a period of professional service in his rank determined from time to time for that purpose on the recommendation of the Public Service Commission in terms of section 82 *bis* of the Act and promulgated in the orders of the SA Defence Force.

(7) Notwithstanding the provisions of this regulation the Minister may on the recommendation of the Commandant General, SADF, in exceptional cases, promote any officer to any rank.

#### Temporary Grant of Higher Rank.

11. (1) The Minister or an officer authorised thereto by him may temporarily grant higher rank to an officer who—

- (a) is appointed to a post to which a higher rank attaches than that held by such officer;
- (b) is charged with duties of a more important nature than those normally allotted to an officer of his rank; or

(5) Waar die ansiënniteit van enige groep van twee of meer offisiere wat as gevolg van hul opleiding ingevolge regulasie 3 (4) van hierdie hoofstuk grade verwerf het, ooreenkomstig subregulasie (1), (2), (3) of (4) of die voorbehoudsbepaling by subregulasie (3) of (4) van dieselfde datum af gereken word, word die ansiënniteit van elke offisier in iedere sodanige groep bepaal volgens 'n verdienstelikevolgorde wat vir die betrokke groep opgestel is ooreenkomstig die prestasies wat iedere sodanige offisier in daardie groep behaal het in die militêre en akademiese opleiding wat die verwerwing van die betrokke graad voorafgegaan het en sodanige prestasies moet beoordeel word volgens beginsels, wat vir die doel met die goedkeuring van die Minister aanvaar is.

(6) Hierdie regulasie is nie van toepassing nie op 'n offisier wat deur middel van private reëlings met 'n universiteit 'n graad verwerf het wat in hierdie regulasie bedoel word.

#### Bevordering.

10. (1) Die Minister of 'n offisier deur hom daartoe gemagtig, kan, behoudens die ander bepalings van hierdie regulasie, enige offisier op grond van sy bekwaamheid, kwalifikasies en ansiënniteit bevorder.

(2) 'n Assistent-veldkornet kan, behoudens subregulasie (3), na twee jaar bevredigende diens in daardie rang tot die rang van veldkornet bevorder word: Met dien verstande dat tydelike diens as assistent-veldkornet tydens 'n kursus wat in regulasie 3 (4) van hierdie hoofstuk bedoel word, as diens vir bevordering kragtens hierdie subregulasie geld.

(3) 'n Offisier wat ooreenkomstig regulasie 3 (4) van hierdie hoofstuk 'n graadkursus bygewoon het wat gewoonlik drie jaar duur, kan, nadat hy die betrokke graad verwerf het, in 'n ander pos as 'n professionele pos bevorder word ondanks die bepalings van subregulasie (2), tot die rang van veldkornet.

(4) 'n Veldkornet en 'n kaptein kom, behoudens subregulasies (5) en (6), nie vir bevordering tot die naas-hoër rang in aanmerking nie tensy hy by eksamen of op 'n ander wyse wat die Kommandant-generaal, SAW, as genoegsaam beskou, bewys het dat hy die standaard van bekwaamheid behaal het, wat die Kommandant-generaal, SAW of 'n offisier deur hom daartoe gemagtig, vir die betrokke rang in sy weermagsdeel en klassifikasie bepaal het.

(5) 'n Offisier wat weens sy verwerwing van 'n toepaslike kwalifikasie ooreenkomstig regulasie 3 (4) van hierdie hoofstuk, aangestel is in 'n professionele pos, kan, waar die laagste rang wat ingevolge subregulasie (6) vir sodanige pos bepaal is, hoër is as die rang wat hy beklee, tot bedoelde laagste rang bevorder word.

(6) Iemand wat 'n professionele pos in regulasie 4 (5) bedoel, beklee, kan ondanks die ander bepalings van hierdie regulasie en onderworpe aan die alternatiewe gradering van die betrokke pos en enige spesiale voorwaardes wat daarop van toepassing is, tot die naas-hoër alternatiewe rang waarvoor sodanige pos gegradeer is, bevorder word na die verloop van 'n professionele dienstdynerk in sy rang wat vir dié doel van tyd tot tyd bepaal is op aanbeveling van die Staatsdienskommissie ingevolge artikel 82 *bis* van die Wet en in die orders van die SA Weermag gepromulgeer is.

(7) Ondanks die bepalings van hierdie regulasie kan die Minister op aanbeveling van die Kommandant-generaal, SAW, in uitsonderlike gevalle, enige offisier tot enige rang bevorder.

#### Tydlike Toekenning van Hoër Rang.

11. (1) Die Minister of 'n offisier deur hom daartoe gemagtig, kan hoër rang tydelik toeken aan 'n offisier wat—

- (a) aangestel word in 'n pos waaraan 'n hoër rang verbonde is as die rang wat sodanige offisier beklee;
- (b) belas is met pligte van 'n meer belangrike aard as die wat gewoonlik aan 'n offisier van sy rang toegewys word; of



(c) has, in terms of regulation 3 (7) of this chapter been appointed as an assistant field cornet and has successfully completed the third year of study of a course normally lasting more than three years.

(2) The Commandant General, SADF, or an officer authorised thereto by him may, in constraining circumstances where, in his opinion, a higher rank is necessary, temporarily grant the appropriate higher rank to any officer.

#### TERMINATION OF SERVICE

##### *Termination of Service.*

12. (1) The service of an officer may, with the approval of the Minister or an officer designated by him for the purpose, be terminated if—

(a) it is found during his period of probation referred to in regulation 5 (1) or (2) of this chapter, that in the opinion of the Commandant General, SADF, he does not satisfy the requirements of the service or that he is not making satisfactory progress in his academic studies;

(b) such officer is a male person attending any qualifying course in terms of regulation 3 (4) of this chapter and marries without the consent of the Commandant General, SADF; or

(c) the officer concerned is, in terms of regulation 22 of Chapter XIII of these regulations, due to be retired as medically unfit.

(2) The services of a female officer shall be terminated if—

(a) she elects to terminate her services on marriage on the day preceding the date of her marriage; or

(b) she has, in the opinion of the Surgeon General, or an officer designated by him for the purpose, become unfit for uniformed service owing to her pregnancy.

(3) The service of a candidate officer may be terminated summarily at any time and he may be discharged if—

(a) he does not make satisfactory progress in his academic studies or other training;

(b) he is guilty of misconduct or it appears in any other way from his conduct that he does not possess the attributes of a good officer;

(c) he marries during his tenure of service as a candidate officer; or

(d) he may for any other reason be discharged as an other rank in terms of regulation 37 of Chapter IV of these regulations:

Provided that a candidate officer, whose service as such is terminated, may be remustered in the ranks in any arm or branch of the Force.

(4) An officer whose services have been terminated in terms of subregulation (1) (a) or (b) or subregulation (2) shall be deemed to have retired voluntarily before attainment of the prescribed age of retirement.

##### *Continuation of Service of Female Officers who Marry.*

13. (1) A female officer shall give written notice of her intention to marry and shall simultaneously inform her commander whether she desires to continue her service in the Force after her marriage in a permanent or temporary capacity.

(2) A female officer who desires to continue serving in terms of her existing appointment after her marriage may do so and any vacation leave to her credit or leave without pay not exceeding thirty days may be granted to her for the purpose of her marriage.

(3) The services of a female officer who is not desirous of thus continuing to serve, or of such officer serving in a permanent capacity, who desires to be reappointed after her marriage, shall be terminated in terms of regulation 12 (2) (a) of this chapter.

(c) kragtens regulasie 3 (7) van hierdie hoofstuk as assistent-veldkornet aangestel is en wat die derde studiejaar van 'n kursus wat gewoonlik meer as drie jaar duur, met welslae voltooi het.

(2) Die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier deur hom daartoe gemagtig, kan in dwingende omstandighede waar 'n hoër rang volgens sy oordeel nodig is, die gepaste hoër rang tydelik aan 'n offisier toeken.

#### BEËINDIGING VAN DIENS

##### *Beëindiging van diens.*

12. (1) Die diens van 'n offisier kan met die goedkeuring van die Minister of 'n offisier wat hy vir die doel aangewys het, beëindig word indien—

(a) dit te eniger tyd gedurende sy proeftydperk of enige verlenging daarvan waarna regulasie 5 (1) of (2) van hierdie hoofstuk verwys, blyk dat hy volgens die oordeel van die Kommandant-generaal, SAW, nie aan die vereistes van die diens voldoen nie, of dat hy nie bevredigende vordering in sy akademiese studies maak nie;

(b) so 'n offisier 'n kwalifiserende kursus ingevolge regulasie 3 (4) van hierdie hoofstuk meemaak en sonder die toestemming van die Kommandant-generaal, SAW, in die huwelik tree; of

(c) die betrokke offisier ooreenkomstig regulasie 22 van Hoofstuk XIII van hierdie regulasies weens mediese ongeskiktheid afgedank staan te word.

(2) Die diens van 'n vroulike offisier word beëindig indien—

(a) sy verkies om haar diens by haar huwelik te beëindig op die datum wat die datum van haar huwelik voorafgaan; of

(b) sy weens haar swangerskap volgens die oordeel van die Geneesheer-generaal of 'n offisier wat hy vir die doel aangewys het, ongeskik geword het vir geuniformde diens.

(3) Die diens van 'n kandidaatoffisier kan te eniger tyd summier beëindig word en hy kan ontslaan word indien—

(a) hy nie bevredigende vordering in sy akademiese studies of ander opleiding maak nie;

(b) hy hom aan laakbare gedrag skuldig maak of dit andersins uit sy gedrag blyk dat hy nie oor die eienskappe van 'n goeie offisier beskik nie;

(c) hy gedurende sy dienstermyn as kandidaat-offisier in die huwelik tree; of

(d) hy om 'n ander rede in regulasie 37 van Hoofstuk IV van hierdie regulasies voorgeskryf, as manskap ontslaan kan word:

Met dien verstande dat 'n kandidaatoffisier wie se diens as sodanig beëindig word, vir diens as manskap in enige dienswapen of vertakking van die Mag heringedeel kan word.

(4) 'n Offisier wie se diens ingevolge subregulasie (1) (a) of (b) of subregulasie (2) beëindig is, word geag vrywillig voor die bereiking van die voorgeskrewe ouderdom vir uitdienstrede, uit die diens te getree het.

##### *Voortsetting van Diens van Vroulike Offisiere wat Trou.*

13. (1) 'n Vroulike offisier gee skriftelik kennis van haar voorneme om in die huwelik te tree en verwittig haar bevelvoerder terselfdertyd of sy begerig is om na haar huwelik haar diens in die Mag in 'n permanente of tydelike hoedanigheid voort te sit.

(2) 'n Vroulike offisier wat begerig is om na haar huwelik ooreenkomstig haar bestaande aanstelling voort te dien, kan dit doen, en enige vakansieverlof wat tot haar krediet staan, of verlof sonder besoldiging wat dertig dae nie te bowe gaan nie, kan vir die doel van haar huwelik aan haar toegestaan word.

(3) Die diens van 'n vroulike offisier wat nie begerig is om haar diens aldus voort te sit nie of sodanige offisier wat in 'n permanente hoedanigheid dien en begerig is om na haar huwelik opnuut aangestel te word, word ooreenkomstig regulasie 12 (2) (a) van hierdie hoofstuk beëindig.

*Retirement of Permanent Members.*

14. (1) Subject to the provisions of section 7 of the Government Service Pension Act, 1965 (Act No. 62 of 1965)—

- (a) a field cornet or captain of the General Duties Branch;
- (b) a major of the General Duties Branch; and
- (c) any other officer,

who is contributing to the Permanent Force Pension Fund shall respectively retire on attaining the age of—

- (i) fifty-one years;
- (ii) fifty-five years; and
- (iii) sixty years.

(2) If any officer who intends to retire in terms of section 7 (4) read with section 7 (3) of the said Act, notifies his commander of his intention in writing at least three months before the earliest date on which he has the right so to retire on pension, he shall, subject to section 7 (7) of the said Act, be retired on pension on such earliest date and if he notifies his commander in writing on any later date of his intention so to retire, he shall be retired on pension on the first day of the fourth month following the month in which his notification of intention reached his commander.

(3) The Chief of Defence Force Administration may, in exceptional cases, approve that a lesser period of notification than the period prescribed in subregulation (2) be accepted, and if he thus approves, he shall determine the date on which the member concerned shall be retired, which date shall not precede the earliest date referred to in that subregulation.

(4) The Minister may in terms of section 7 (6) order the retirement of a member to whom subregulation (1) or section 7 (3) of the said Act applies and who has attained the age of 45 years.

*Maximum Age limit for Temporary Service.*

15. No officer shall be retained in service in the Force in a temporary capacity after he has attained the age of 65 years.

*Place of Retirement.*

16. The place of retirement shall be the last permanent station of the officer concerned.

*Service in the Permanent Force Reserve.*

17. (1) An officer may on the termination of his service in the Force, provided he complies with a standard of medical fitness which the Surgeon General may determine, be required, subject to section 47 of the Act, to serve in the Permanent Force Reserve in the substantive rank which he held immediately before such termination of service until he attains the age of sixty-five years or is otherwise relieved of this obligation in terms of the Act or these regulations.

(2) An officer shall whilst serving in the Permanent Force Reserve, other than during periods in which he is rendering service or undergoing training as referred to in subregulation (3), report in writing to the Chief of Defence Force Administration annually in June and he shall advise the Chief of Defence Force Administration of—

- (a) any change in his permanent address within fourteen days of such change; and
- (b) the particulars of his intended absence from the Republic including the duration of such absence.

(3) Whilst an officer serving in the Permanent Force Reserve is rendering service in terms of section 51 of the Act read with regulation 13 *bis* of Chapter VII of these regulations or section 52 or Chapter X of the Act, these regulations, with the exception of the regulations relating to retirement on pension and those relating to medical treatment for an officer and his family, shall be applicable to him as though he is a member of the

*Uitdienstreding van Permanente Lede.*

14. (1) Behoudens die bepalings van artikel 7 van die Regeringspensioenwet, 1965 (Wet No. 62 van 1965) moet—

- (a) 'n veldkornet of kaptein van die tak Algemene Diens;
- (b) 'n majoor van die tak Algemene Diens; en
- (c) 'n ander offisier,

wat bydra tot die Staandemagpensioenfonds onderskeidelik uit die diens tree sodra hy die leeftyd bereik van—

- (i) een-en-vyftig jaar;
- (ii) vyf-en-vyftig jaar; en
- (iii) sestig jaar.

(2) Indien 'n offisier wat van voorneme is om ingevolge artikel 7 (4) gelees met 7 (3) van die bedoelde Wet af te tree, sy bevelvoerder minstens 3 maande voor die vroegste datum waarop hy die reg het om aldus met pensioen af te tree, van sy voorneme skriftelik kennis gee, moet hy, behoudens artikel 7 (7) van die bedoelde Wet op sodanige vroegste datum met pensioen afgedank word en indien hy op 'n later datum sy bevelvoerder skriftelik kennis gee van sy voorneme om aldus af te tree, word hy met pensioen afgedank op die eerste dag van die vierde maand na die maand waarin die kennisgewing van sy voorneme sy bevelvoerder bereik het.

(3) Die Hoof van Weermagsadministrasie kan, in uitsonderlike gevalle, goedkeuring verleen dat 'n korter tydperk van kennisgewing aanvaar word as die tydperk wat by subregulasie (2) voorgeskryf is en indien hy aldus goedkeuring verleen, moet hy die datum waarop die betrokke lid moet aftree, bepaal, welke datum nie die vroegste datum in daardie subregulasie bedoel, voorafgaan nie.

(4) Die Minister kan die afdanking van 'n lid op wie subregulasie (1) of artikel 7 (3) van die bedoelde Wet van toepassing is en wat die ouderdom van 45 jaar bereik het, ingevolge artikel 7 (6) gelas.

*Hoogste Ouderdomsgrens vir Tydelike Diens.*

15. Geen offisier word in die Mag in 'n tydelike hoedanigheid in diens gehou nadat hy die ouderdom van 65 jaar bereik het nie.

*Plek van Uitdienstreding.*

16. Die plek van uitdienstreding is die betrokke offisier se laaste permanente standplaas.

*Diens in die Staandemagreserwe.*

17. (1) 'n Offisier kan by beëindiging van sy diens in die Mag en mits hy aan 'n peil van geneeskundige geskiktheid voldoen wat die Geneesheer-generaal kan bepaal, behoudens die bepalings van artikel 47 van die Wet, verplig word om in die Staandemagreserwe te dien in die substantiewe rang wat hy onmiddellik voor sodanige beëindiging van diens bekleed het, totdat hy die leeftyd van vyf-en-sestig jaar bereik of andersins kragtens die Wet of hierdie regulasies van sy verpligting onthef word.

(2) Terwyl 'n offisier in die Staandemagreserwe dien, uitgenome gedurende tydperke waarin hy diens doen of opleiding ondergaan soos in subregulasie (3) genoem, moet hy hom jaarliks in die maande Junie skriftelik by die Hoof van Weermagsadministrasie aanmeld en moet hy die Hoof van Weermagsadministrasie in kennis stel van—

- (a) enige verandering in sy permanente adres binne veertien dae nadat so 'n verandering plaasgevind het; en
- (b) die besonderhede van sy voorgenome afwesigheid uit die Republiek met inbegrip van die duur daarvan.

(3) Terwyl 'n offisier wat in die Staandemagreserwe dien kragtens artikel 51 van die Wet gelees met regulasie 13 *bis* van Hoofstuk VII van hierdie regulasies, kragtens artikel 52 van Hoofstuk X van die Wet diens doen, is hierdie regulasies, uitgenome die regulasies met betrekking tot uitdienstreding met pensioen en die regulasies met betrekking tot mediese behandeling van 'n offisier en sy gesin, op hom van toepassing asof hy 'n lid van die Staande Mag is: Met

Permanent Force: Provided that regulations 27, 27 *bis* and 27 *ter* of Chapter V of the Regulations for the Citizen Force shall *mutatis mutandis* determine the medical benefits of such officer.

(4) In the application of section 52 of the Act the Chief of Defence Force Administration shall be the prescribed officer referred to therein.

(5) The service of an officer on the Permanent Force Reserve shall, subject to section 83 and 86 of the Act, be terminated—

- (a) as soon as he attains the age of sixty-five years; or
- (b) if, prior to attaining that age, he is declared by the Surgeon General to be medically unfit for continued service in the said Reserve.”.

#### CHAPTER IIIa.

Delete the existing Chapter IIIa and heading in its entirety.

#### CHAPTER IV.

##### Regulation 31.

Delete the existing regulation 31 and heading.

#### CHAPTER V.

##### Regulation 5 *bis*.

Insert the following new regulation 5 *bis* after the existing regulation 5:

###### “ Personal Documents.

5 *bis*. A member shall, if ordered to do so by his commanding officer, produce any of the under-mentioned documents for the commanding officer's perusal—

- (a) his identity card;
- (b) his birth certificate;
- (c) his marriage certificate;
- (d) the birth certificate of his spouse;
- (e) the birth certificate of his child;
- (f) the adoption order in respect of a child adopted by him;
- (g) his divorce order;
- (h) the death certificate of his deceased spouse or child;
- (j) such other documents as may be required for perusal in connection with the administration of the member's pay or personal records.”.

##### Regulation 7.

Substitute the following new regulation 7 for the existing regulation 7:

“7. An other rank who has ceased to hold any rank in terms of regulation 1 (3) of Chapter III of these regulations shall while serving as a candidate officer, be remunerated as if he still holds the said rank: Provided that, where the conditions of remuneration of a candidate officer are more favourable than those attaching to such rank, the other rank concerned shall be remunerated as a candidate officer.”.

##### Regulation 11 *bis*.

Insert the following new regulation 11 *bis* after the existing regulation 11:

###### “ Pensionable Qualification Allowances.

11 *bis*. (1) A pensionable allowance in an amount recommended from time to time by the Public Service Commission in terms of section 82 *bis* of the Act in respect of a staff qualification and of a flying instructors' qualification shall, according to rank and subject to subregulation (2) be paid, as the case may be, to—

- (a) a commandant, a major and a captain, who is not a professional officer and has in terms of regulation 7 (a) of Chapter III of these regulations been recognised as staff qualified; and

dien verstande dat regulasies 27, 27 *bis* en 27 *ter* van Hoofstuk V van die Regulasies vir die Burgermag *mutatis mutandis* sodanige offisier se geneeskundige voordele bepaal.

(4) By die toepassing van artikel 52 van die Wet is die Hoof van Weermagsadministrasie die voorgeskrewe offisier daarin vermeld.

(5) 'n Offisier se diens in die Staandemagreserwe moet, behoudens die bepalings van artikels 83 en 86 van die Wet, beëindig word—

- (a) sodra hy die leeftyd van vyf-en-sestig jaar bereik het;
- (b) indien hy, voordat hy daardie leeftyd bereik deur die Geneesheer-generaal as geneeskundig ongeskik vir voortgesette diens in bedoelde Reserwe verklaar word.”.

#### HOOFSTUK IIIa.

Skrap die bestaande Hoofstuk IIIa en opskrif in sy geheel.

#### HOOFSTUK IV.

##### Regulasie 31.

Skrap die bestaande regulasie 31 en opskrif.

#### HOOFSTUK V.

##### Regulasie 5 *bis*.

Voeg die volgende nuwe regulasie 5 *bis* in na die bestaande regulasie:

###### “ Persoonsdokumente.

5 *bis*. 'n Lid moet, indien sy bevelvoerder hom opdra om dit te doen, die hierondergenoemde dokumente ter insae aan hom verstrek—

- (a) sy persoonskaart;
- (b) sy geboortesertifikaat;
- (c) sy huweliksertifikaat;
- (d) sy eggenote se geboortesertifikaat;
- (e) sy kind se geboortesertifikaat;
- (f) die aannemingsbevel ten opsigte van 'n kind wat hy aangeneem het;
- (g) sy egskeidingsbevel;
- (h) sy oorlede eggenote of kind se sterftesertifikaat;
- (j) sodanige ander dokumente as wat in verband met die administrasie van die lid se besoldiging of persoonsregisters ter insae benodig word.”

##### Regulasie 7.

Vervang die bestaande regulasie 7 deur die volgende nuwe regulasie 7:

“7. 'n Manskap wat ingevolge regulasie 1 (3) van Hoofstuk III van hierdie regulasie opgehou het om 'n rang te beklee, word, terwyl hy as kandidaat-offisier dien, besoldig asof hy nog bedoelde rang beklee: Met dien verstande dat, waar die besoldigingsvoorwaardes van 'n kandidaatoffisier gunstiger is as dié wat aan sodanige rang verbonde is, die betrokke manskap as kandidaatoffisier besoldig word.”.

##### Regulasie 11 *bis*.

Voeg die volgende nuwe regulasie 11 *bis* in na die bestaande regulasie 11:

###### “ Pensioengewende Kwalifikasies.

11 *bis*. (1) 'n Pensioengewende toelae van 'n bedrag wat die Staatsdienskommissie van tyd tot tyd met betrekking tot 'n stafkwalifikasie en van 'n Vlieg-instrukteurskwalifikasie ingevolge artikel 82 *bis* van die Wet kan aanbeveel, word na gelang van die geval, volgens rang en behoudens subregulasie (2), betaal aan—

- (a) 'n kommandant, 'n majoor en 'n kaptein, wat nie 'n professionele offisier is nie en wat ingevolge regulasie 7 (a) van Hoofstuk III van hierdie regulasies as stafgekwalifiseerd erken is; en

(b) a major, a captain, a lieutenant and a second lieutenant who is not a professional officer and has in terms of regulation 7 (b) of the said chapter been recognised as a qualified flying instructor.

(2) This regulation shall not be construed as authorising the payment of more than one allowance to the same officer."

*Regulations 160, 161, 162 and 163.*

Delete the existing regulations 160, 161, 162 and 163 and headings and insert the following new regulation 160 and heading:

*"Gratuities to Temporary Officers who have been appointed in terms of Regulation 3 (2).*

160. (1) A gratuity, the value of which may in terms of section 82 *bis* of the Act be recommended from time to time by the Public Service Commission, shall, subject to the other provisions of this regulation, be paid in respect of each completed year of service to an officer who has completed an unbroken period of at least three years temporary service after his appointment in terms of regulation 3 (2) of Chapter III of these regulations: Provided that—

- (a) not more than one year of the service which a person has rendered as a candidate officer, as a pilot or a navigator pursuant to his enrolment in terms of the proviso to regulation 3 (4) of Chapter III of these regulations, shall be taken into account in the determination of a gratuity in terms of this regulation on condition that he has thereafter been appointed without a break in service as an officer for temporary service in terms of the said regulation 3 (2);
- (b) such gratuity shall be payable only when such temporary appointment of the officer concerned or any re-appointment on the same basis, which followed thereon without a break in service is terminated;
- (c) such gratuity shall be payable for every completed year and pro rata for any part of a year of such service which is terminated by the State before the expiry of the said period of at least three years, other than where the service of the member concerned is thus terminated—
  - (i) at his own request or as a result of his resignation; or
  - (ii) on account of his misconduct;
- (d) no gratuity shall be payable in respect of an uncompleted year of service terminated by the State after expiry of the said period of at least three years for any reason mentioned in paragraph (c) (i) or (c) (ii);
- (e) if the service of an officer in respect of which a gratuity would, in terms of this regulation, otherwise have been payable to him, is terminated by his death, the gratuity concerned shall be paid to his widow, or if he has no widow, to his other dependants as though his service had been terminated by the State in circumstances defined in paragraph (c): Provided that the gratuity shall be paid to a dependant (other than the widow of the member) only if such dependant, at the time of the death of the officer concerned, was wholly dependant on him and that if there are two or more such dependants the amount of the gratuity shall be divided equally among them.

(b) 'n majoor, 'n kaptein, 'n luitenant en 'n tweede-luitenant, wat nie 'n professionele offisier is nie en wat ingevolge regulasie 7 (b) van bedoelde hoofstuk as 'n gekwalifiseerde vlieg-instrukteur erken is.

(2) Hierdie regulasie word nie so uitgelê dat dit magtiging verleen vir die betaling van meer as een toelae aan dieselfde offisier nie."

*Regulasies 160, 161, 162, 163.*

Skrap die bestaande regulasies 160, 161, 162 en 163 met hulle opskrifte en voeg die volgende nuwe regulasie 160 in:

*"Gratifikasies aan Tydelike Offisiere wat kragtens Regulasie 3 (2) aangestel is.*

160. (1) 'n Gratifikasie waarvan die waarde kragtens artikel 82 *bis* van die Wet van tyd tot tyd deur die Staatsdienskommissie aanbeveel kan word, moet ten opsigte van iedere voltooide jaar van diens, behoudens die ander bepalings van hierdie regulasie betaal word aan 'n offisier wat 'n ononderbroke tydperk van minstens drie jaar tydelike diens voltooi het nadat hy kragtens regulasie 3 (2) van Hoofstuk III van hierdie regulasies, aangestel is: Met dien verstande dat—

- (a) hoogstens een jaar van die diens wat 'n persoon uit hoofde van sy inskrywing kragtens die voorbehoudsbepaling by regulasie 3 (4) van Hoofstuk III van hierdie regulasies as kandidaatoffisier, as vlieënier of navigator gelewer het, vir die berekening van gratifikasie kragtens hierdie regulasie geld, mits hy daarna sonder onderbreking van diens kragtens die bedoelde regulasie 3 (2) vir tydelike diens as offisier aangestel word.
- (b) sodanige gratifikasie slegs betaal sal word wanneer die betrokke offisier se sodanige tydelike aanstelling of enige heraanstelling op dieselfde grondslag wat sonder onderbreking daarop gevolg het, beëindig word;
- (c) die bedoelde gratifikasie betaalbaar is vir iedere voltooide jaar en *pro rata* vir enige deel van 'n jaar van sodanige diens wat owerheidsweë beëindig word voor die verstryking van die bedoelde tydperk van minstens drie jaar, uitgenome waar die betrokke lid se diens aldus beëindig word—
  - (i) op sy eie versoek of as gevolg van sy bedanking; of
  - (ii) weens sy wangedrag.
- (d) geen gratifikasie betaalbaar is vir 'n onvoltooide jaar van sodanige diens wat na die verstryking van bedoelde tydperk van minstens drie jaar owerheidsweë beëindig word om enige rede in paragraaf (c) (i) of (c) (ii) genoem nie;
- (e) indien die diens van 'n offisier ten opsigte waarvan 'n gratifikasie andersins kragtens hierdie regulasie aan hom betaalbaar sou wees deur sy dood beëindig word, die betrokke gratifikasie aan sy weduwee, of as hy nie 'n weduwee het nie, aan sy ander afhanklikes betaal moet word asof sy diens owerheidsweë beëindig is onder die omstandighede in paragraaf (c) omskryf:

Met dien verstande dat die gratifikasie slegs aan 'n afhanklike (uitgenome die lid se weduwee) betaal word indien sodanige afhanklike ten tyde van die betrokke offisier se dood ten volle van hom afhanklik was, en dat indien daar twee of meer sodanige afhanklikes is, die bedrag van die gratifikasie gelykop tussen hulle verdeel word.

(2) This regulation shall not apply to an officer who—

- (a) is appointed as a professional officer in terms of regulation 4 (5) of Chapter III of this regulation;
- (b) is appointed as a nursing officer;
- (c) is temporarily seconded to the Permanent Force from any other branch of the Public Service as defined in the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957) or from the SA Railways and Harbours Administration or from any other full-time Government service including service with a Provincial Administration or the Administration of South West Africa and appointed for temporary service, but who, on the termination of his period of temporary service, has returned to such service: Provided that if such officer, during his period of temporary service, resigns from the said Public Service or other Government service he shall, with effect from the date on which his resignation becomes effective, qualify for the payment of a gratuity in respect of the unexpired portion of his period of temporary service and any other period of temporary service which follows thereafter without a break;
- (d) after the termination of his period of temporary service is, without a break in service appointed in a permanent capacity in the Permanent Force or any other part of the said Public Service;
- (e) after the termination of his period of temporary service is, without a break in service, appointed in a permanent capacity in the Government Service (other than the said Public Service but including the SA Railways and Harbours Administration, any Provincial Administration or the Administration of South West Africa) in respect of which provision exists for the recognition of the said period of temporary service as pensionable service.

(3) The value of the portion of the gratuity which shall be payable in respect of an uncompleted year of service in terms of paragraph (c) or (e) of the proviso to subregulation (1) or the proviso to paragraph (c) of subregulation (2), shall be calculated as that fraction of the annual gratuity which is equal to the ratio between the number of days on which the officer concerned served in the uncompleted year and three hundred and sixty-five days.

(4) The said gratuity may, notwithstanding any benefits to which an officer or his dependants may be entitled pursuant to regulation 13 of the regulations in terms of the Government Service Act, 1965 (Act No. 62 of 1965), promulgated by Government Notice No. R. 1929 of 8 December 1965, be paid in terms of this regulation if the temporary appointment of such officer is terminated on account of his death, bodily injury or ill health.”

#### CHAPTER VII.

##### *Regulation 10.*

Delete the existing regulation 10.

##### *Regulation 13.*

Delete the existing regulation 13.

#### CHAPTER XVI.

##### *Regulations 1 to 25, both inclusive, and 27, 28 and 29.*

Delete regulations 1 to 25, both inclusive, and 27, 28 and 29 and headings and insert the following new regulation 1 and heading:

“*Application of PFR III.*

1. The conditions of service for officers shall, except in relation to matters prescribed in Part III of this chapter, be as determined by the provisions of Chapter III of these regulations.”

(2) Hierdie regulasie geld nie vir 'n offisier nie wat—

- (a) kragtens regulasie 4 (5) van Hoofstuk III van hierdie regulasies as 'n professionele offisier aangestel is;
- (b) as 'n offisier-verpleegster aangestel is;
- (c) tydelik uit enige ander deel van die Staatsdiens, soos in die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), omskryf, of uit die SA Spoorweë en Hawens-Administrasie of enige ander voltydse Regeringsdiens met inbegrip van diens by 'n Provinsiale Administrasie of die Administrasie van Suidwes-Afrika, na die Staande Mag gesekeoneer en vir tydelike diens aangestel is, maar by beëindiging van sy kortdiensstermyn na sodanige diens teruggegaan het: Met dien verstande dat indien sodanige offisier in die loop van sy tydelike diensstermyn uit die bedoelde Staatsdiens of ander Regeringsdiens bedank, hy met irgang van die datum waarop sy bedanking van krag geword het, ooreenkomstig hierdie regulasie in aanmerking kom vir die betaling van 'n gratifikasie ten opsigte van die onverstreke gedeelte van sy tydelike diensstermyn en enige ander tydelike diensstermyn wat sonder onderbreking daarop volg;
- (d) na beëindiging van sy tydelike diensstermyn sonder onderbreking in diens in 'n permanente hoedanigheid in die Staande Mag of enige ander deel van die bedoelde Staatsdiens aangestel word;
- (e) na beëindiging van sy tydelike diensstermyn sonder onderbreking in diens in 'n permanente hoedanigheid aangestel word in Regeringsdiens (uitgenome die bedoelde Staatsdiens maar met inbegrip van die SA Spoorweë en Hawens-Administrasie, enige Provinsiale Administrasie of die Administrasie van Suidwes-Afrika) ten opsigte waarvan daar voorsiening bestaan vir die erkenning van die bedoelde tydelike diensstermyn as pensioengewende diens.

(3) Die waarde van die deel van sodanige gratifikasie wat ten opsigte van 'n onvoltooide jaar van diens ingevolge paragraaf (c) of (e) van die voorbehoudsbepaling by subregulasie (1) of die voorbehoudsbepaling by paragraaf (c) van subregulasie (2), betaalbaar is, word bereken as daardie breukdeel van die jaarlikse gratifikasie wat gelykstaan aan die verhouding tussen die aantal dae waarop die betrokke offisier in die onvoltooide jaar gedien het en drie-honderd- vyf-en-sestig dae.

(4) Die bedoelde gratifikasie kan, ondanks enige voordele waarop 'n offisier of sy afhanklike geregtig mag wees ingevolge regulasie 13 van die regulasies kragtens die Regeringspensioenwet, 1965 (Wet No. 62 van 1965), uitgevaardig by Goewermentskennisgewing No. R. 1929 van 8 Desember 1965, kragtens hierdie regulasie betaal word indien so 'n offisier se tydelike aanstelling beëindig word weens sy dood, liggaamlike letsel of swak gesondheid.”

#### HOOFSTUK VII.

##### *Regulasie 10*

Skrap die bestaande regulasie 10.

##### *Regulasie 13.*

Skrap die bestaande regulasie 13.

#### HOOFSTUK XVI.

##### *Regulasie 1 tot en met 25, 27, 28 en 29.*

Skrap regulasies 1 tot en met 25, 27, 28 en 29 en opskrifte en voeg die volgende nuwe regulasie 1 en opskrif in:

“*Toepassing van SMR III.*

1. Die diensvoorwaardes van offisiere word, behalwe ten opsigte van aangeleenthede in deel III van hierdie hoofstuk voorgeskryf, deur die bepaling van Hoofstuk III van hierdie regulasies bepaal.”



*Regulation 46.*

Delete the Roman figure "III" in regulation 46.

*Regulation 53.*

Delete regulation 53 and the heading.

## CHAPTER XVII.

*Regulations 3 to 25, both inclusive.*

Delete regulations 3 to 25, both inclusive, and their headings and insert the following new regulation 3 and heading:

*"Application of PFR III.*

3. The conditions of service for officers shall, except in relation to matters prescribed in Part IV of this chapter, be determined by the provisions of Chapter III of these regulations."

*Regulation 43.*

Delete the Roman figure "III" in regulation 43.

*Regulation 46.*

1. Delete the brackets and the letter (a).
2. Delete subparagraph (6) in its entirety.

*Regulation 51.*

Delete regulation 51 and the heading.

[Amendment Slip No. 341.]

*Regulasie 46.*

Skrap die Romeinse syfer "III" in regulasie 46.

*Regulasie 53.*

Skrap regulasie 53 en die opskrif.

## HOOFSTUK XVII.

*Regulasie 3 tot en met 25.*

Skrap regulasies 3 tot en met 25 met hul opskrifte en voeg die volgende nuwe regulasie 3 en opskrif in:

*"Toepassing van SMR III.*

3. Die diensvoorwaardes van offisiere word, behalwe ten opsigte van aangeleenthede in Deel IV van hierdie hoofstuk voorgeskryf, deur die bepalings van Hoofstuk III van hierdie regulasies bepaal."

*Regulasie 43.*

Skrap die Romeinse syfer "III" in regulasie 43.

*Regulasie 46.*

1. Skrap die hakkies en die letter (a).
2. Skrap subparagraaf (b) in sy geheel.

*Regulasie 51.*

Skrap regulasie 51 en die opskrif.

[Wysigingsblaadjie No. 341.]